

**BEWARINGS- EN
BEWAARGEWINGSOORENKOMS
(TEN OPSIGTE VAN MUUR VAN
HERINNERING)**

DOORKLOOF FAMILIEKERK

Posbus 15506, Lyttelton
0140 Centurion
Tel (012) 667-4071
Faks (012) 667-2969
E-pos kantoor@ngdoornkloof.org.za

1. Die partye:
 - 1.1 **Die bewaarder** is die Nederduits Gereformeerde Kerk, Doornkloof Gemeente van Leoniestraat 143, Doringkloof (Telefoonnommer: 012 667 4071)
 - 1.2 **Die bewaargewer** (in hierdie geval die koper) is

(volle name en van)

Van

(adres)

2. Aangesien die bewaarder 'n Muur van Herinnering op die terrein van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Doornkloof opgerig het, met die doel om as bewaringsplek vir die veraste stoflike oorskotte van bewaargewers te dien en aangesien daar 'n sodanige behoefte by bewaargewers bestaan, kom die partye derhalwe soos volg ooreen:
3. Die bewaarder en bewaargewer kom hiermee ooreen dat die bewaarder die bewaargewer se stoflike oorskot na verassing sal ontvang en in bewaring hou op die voorwaardes hieronder uiteengesit.
4. Die bewaarder sal die bogenoemde se oorskot hou in 'n nis, (grootte 230x230x170mm) in 'n muur wat opgerig is in die tuin van die NG Kerk, Doornkloof, met 'n standaard "Rustenburg" graniet identifikasiestein. Die bewaargewer se naasbestaandes of genomineerde sal verantwoordelik wees vir die plasing van die oorskot in die nis en vir die inskripsie en graving op die steen in samewerking met die bewaarder.
5. Die bewaarder sal die oorskot bewaar vir 'n periode van 30 jaar, waarna die naasbestaandes van die bewaargewer die ooreenkoms kan verleng vir 'n verdere periode of periodes op voorwaardes met die bewaargewer of sy opvolger in titel ooreengekom te word.
6. Behoudens die bepalinge van paragraaf 5 hierbo wanneer verskuiwings van die oorskot na die periode van 30 jaar vir enige rede noodsaaklik is, sal die bewaarder die oorskot sover doenlik in 'n gesamentlike grafkelder of graf hervestig met die nodige inskripsies daarby.
7. Volledige rekords van alle ter aardebestellings in die tuin sal deur die bewaarder gehou word.
8. Waar familieledede gesamentlike bewaargewers is en sodanige bewaargewers dit verlang sal die plasing so georden word dat die oorskotte van die gesamentlike bewaargewers in 'n sinvolle groepering sover moontlik naas of bymekaar geplaas word.
9. Die bewaarder sal alles in sy vermoë doen om die oorskot in so 'n netjiese, aantreklike en toeganklike omgewing as doenlik te hou.

10. Die bewaargewer vrywaar die bewaarder teen alle aanspreeklikheid vir enige gebeurlikhede buite die beheer van die bewaarder wat die oorskot verstoort of die omgewing ontwig.
11. Vir die benutting van 'n nis ingevolge paragraaf 4 hierbo betaal die bewaargewer aan die bewaarder by ondertekening hiervan die bedrag van:

R3 000,00 (drie duisend rand) waar een of twee persone se oorskot geplaas word.

Indien bogenoemde bedrag nie ten volle betaal is nie, vestig die regte van die bewaargewer nie.
12. Behoudens paragraaf 13, indien vir enige rede die bewaargewer of sy/haar naasbestandes sou besluit dat sy of haar oorskot op 'n ander wyse mee gehandel moet word, is die bedrae hierbo vermeld nie terugbetaalbaar nie.
13. Hierdie ooreenkoms kan gesedeer en verhandel word, met die nodige kennisgewing aan die bewaarder vir administratiewe en rekord doeleindes.
14. Ter wille van die netheid en aantreklike voorkoms van die Muur van Herinnering kom die Bewaargewer en Bewaarder ooreen dat blomme op die grond voor die betrokke nis geplaas kan word, dat sulke blomme op 'n weeklikse basis, ter wille van netheid verwyder kan word en dat die Bewaarder 'n groot blompot op 'n sentrale plek by die Muur van Herinnering voorsien waar vars blomme geplaas kan word. Ten opsigte van die graving word 'n standaard geverfde formaat gebruik.

ALDUS gedoen en geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

AS GETUIES:

1. _____
2. _____

**BEWAARDER
 NG KERK, DOORNKLOOF**

ALDUS gedoen en geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

AS GETUIES:

1. _____
2. _____

BEWAARGEWER

Posadres:

Tel/Sel nr: _____